Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Christiaan Klopper
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20230118-431

Assesseringsbestuursminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Hersiene gewigsbepalings van skoolgebaseerde assessering en eksamens (Graad R tot 12)

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S33, gedateer 29 Desember 2022, vrygestel wat die 2023/24 Jaarlikse Onderrigplanne en die hersiene Skoolgebaseerde Assessering (SGA) en eksamengewigsbepalings en vereistes bevat wat in die 2023-akademiese jaar geïmplementeer moet word.

2. Hierdie minuut is bedoel om skole in kennis te stel van die vrystelling van die hersiene SGA en eksamengewigsbepalings en vereistes wat in die 2023-akademiese jaar geïmplementeer moet word.

3. Hierdie minuut dien as wysiging van Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut 0001/2022, gedateer 26 April 2022, wat verband hou met die gewigsbepalings van SGA-vereistes oor alle vakke en grade heen.

4. Die assesseringsprogram spesifiseer die take, toetse, eksamens, praktiese assesseringstake (praktiese vakke) en mondelinge take (Tale) wat spesifiek op elke vak en graad vir die jaar van toepassing is.

5. Die SGA en eksamengewigsbepalings is soos volg gewysig:

FASE	**2023 HERSIENE SGA-GEWIGSBEPALINGS**
Grondslagfase (Graad R tot 3)	100% SGA
Intermediêre Fase (Graad 4 tot 6)	80% SGA: 20% eksamens
Senior Fase (Graad 7 tot 9)	60% SGA: 40% eksamens
Graad 10 tot 11	40% SGA: 60% eksamens
Graad 12	25% SGA: 75% eksamens

6. Let asseblief op die wysiging in die verhouding van SGA en eksamens in die Senior Fase.

7. Die volgende wysigings is aan die assesseringsprogram van beide die halfjaar- en jaareindeksamen aangebring, naamlik:

7.1 Halfjaar-/Junie-eksamen:
   a. Graad 12: Halfjaar-/Junie-eksamen
   b. Graad 10 tot 11: Halfjaar-/Junie-eksamen
   c. Graad 4 tot 9: Halfjaar/Junie slegs beheerde toetse

7.2 Jaareindeksamen:
   a. Graad 12: Volskaalse Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen
   b. Graad 7 tot 11: Volskaalse eksamen in alle vakke
   c. Graad 4 tot 6: Beheerde toetse in alle vakke

8. Die voorgenoemde wysiging van die SGA en eksamengewigsbepalings en die program van assesseringsvereistes wat **vanaf Januarie 2023 van krag is, sal in plek bly totdat dit herroep word**.

9. Die bygewerkte 2023 AOO-opname- en verslagdoeningsprogramme en 2023 VOO-vakrekordblaaie sal teen die begin van Maart 2023 op SOBIS beskikbaar gestel word.

10. Die jaarlikse onderrigplanne is op die DBO se webwerf beskikbaar: https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12/2023ATPs.aspx.

11. Distriksamptenare en prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, ouers/voogde en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-01-23